KLIËNTEGROEI DRYF PRESTASIE BY CAPITEC BANK

Vir onmiddellike uitreiking **27 September 2007**

BEGIN

Stellenbosch - *Capitec Bank, die verskaffer van innoverende, lae-koste bankdienste, het vandag sy ongeouditeerde tussentydse resultate vir die ses maande geëindig Augustus 2007 bekend gemaak. Die bank se wesensverdienste het met 31% tot R97 miljoen gestyg hoofsaaklik as gevolg van beduidende groei in kliëntegetalle van 336 000 oor die afgelope twaalf maande. Riaan Stassen, uitvoerende hoof van die bank, het toenemende vertroue in die bank se sakemodel bevestig. "Die groei in kliëntegetalle tot 1,18 miljoen is 'n bewys van die aanvaardingsvlak van ons unieke aanbod in die mark. Geen ander bank bied die maklike toegang en bekostigbaarheid wat ons verskaf nie."*

Groei in verkope

Lenings wat gedurende die afgelope ses maande toegestaan is, het met 35% tot R2,15 miljard toegeneem. Volgens Stassen kan dit aan kliëntegroei en die bekendstelling van die langer-termyn 18-maande en 24-maande lenings aan die einde van 2006 toegeskryf word. Die leningsboek het van R475 miljoen tot R1, 23 miljard gegroei as gevolg van die bekendstelling van hierdie langer-termynprodukte. Die toename in wesensverdienste per aandeel van slegs 15% tot 119 sent kan hoofsaaklik toegeskryf word aan prysverlagings, toename in investering aan infrastuktuur en die uitgif van 10 miljoen gewone aandele aan 'n SEB-konsortium in Februarie 2007. Die uitgifting van aandele het aandeelhouersfondse tot meer as R1,1 miljard laat toeneem en die opbrengs op ekwiteit laat daal van 26% in Augustus 2006 tot 21% in Augustus 2007.

Uitbreiding van ons netwerk

"Ons belê vanjaar aansienlik baie in bemarking en die uitbreiding van ons infrastruktuur. Ons het ons taknetwerk die afgelope 6 maande met 'n bykomende 27 takke tot 307 takke uitgebou met 'n teiken van 345 takke teen die einde van die boekjaar. Dit is bemoedigend om te let op die stewige vertoning en grooi in kliëntegetalle van die nuwe takke wat oopgemaak is," het Stassen gesê. Mobiele

bankeenhede het tot 71 toegeneem en werknemergetalle het met 376 gegroei – hoofsaaklik as gevolg van die aanstelling van kliëntediensperSoneel wat die bank se totale werknemerkorps op 2 505 te staan bring. "Hierdie uitbreidings het op kort termyn 'n negatiewe uitwerking op wins, maar lê die grondslag vir toekomstige groei," sê hy.

Prysleiers

"Ons streef daarna om ons posisie as prysleiers te behou en daarom het ons ons transaksiepryse op dieselfde vlak as verlede jaar gehou en ons pryse op leningsprodukte verminder tot onder die vlakke wat deur die Nasionale Kredietwet vereis word. Dit het ons marges verminder en dit strook met die beplanning in ons begroting." Die waarde van lenings wat gedurende die ses maande toegestaan is, het met 35% teenoor die vorige jaar toegeneem terwyl die groei in rente- en fooie-inkomste oor dieselfde tydperk met 15% toegeneem het.

Voorsorg

Die bank bied ongedekte persoonlike lenings met leningstydperke van een tot 24 maande. Agterstallige bedrae en voorsiening vir oninbare skuld het van 4,07 % in Augustus 2006 tot 4,23 % in Augustus 2007 toegeneem. Dit kan toegeskryf word aan die verandering in die samestelling van die leningsboek na 'n langer looptyd. "Ons voorsieningsmodelle word toenemend akkuraat soos ons meer geskiedenis oor langer-termyn leningsprodukte bekom. Waar geskiedenis oor oninbare skuld ten opsigte van nuwe produkte nie beskikbaar is nie, gebruik ons ramings van hoe ons glo die produk sal presteer. Ons modelle is ontwerp vir deurlopende aanpassing om veranderende prestasie en ekonomiese tendense in ag te neem. Omdat die ses- en twaalf-maande produkte nou volwasse is, het historiese inligting ons in staat gestel om verliesramings te verminder. Dit het weer tot 'n positiewe uitwerking op die uitgawe vir dié tydperk gelei," sê Stassen.

Stassen het ook gesê dit is positief om op die afname in agterstallige bedrae te let wanneer produkpryse verlaag word. "Dit is baie positief as 'n mens ons onlangse prysverminderings en die belangrike bydrae van ons kredietpuntemodel in die verbetering van agterstallige bedrae in ag neem."

Vooruitsigte

Stassen is optimisties oor die bank se vooruitsigte. "Ons sal voortgaan om ons investerings- en uitbreidingsveldtog in die 2007/08-boekjaar te implementeer. Met innovering as ons dryfkrag sal ons voortgaan om lae-koste oplossings aan die mark te lewer en voort te bou op ons reputasie van revolusionêre bankdienste."

EINDE

Uitgereik deur Kommunikasie en Openbare Betrekkinge, Capitec Bank Beperk

NAVRAE

Riaan Stassen
Uitvoerende Hoof: Capitec Bank
Telefoon: 021 809 5921
E-pos: riaanstassen@capitecbank.co.za

Yolandé van Rensburg
Hoof: Kommunikasie en Openbare Betrekkinge: Capitec Bank
Telefoon: 021 809 5998
Sel: 072 480 3617
E-pos: yolandevanrensburg@capitecbank.co.za

www.capitecbank.co.za

Quantumweg 10
Techno Park
Stellenbosch 7600

Posbus 12451
Die Boord
Stellenbosch 7613